1999

SARIE 8 September 1999

Haar stem doen vir die oor wat romerige, ryk sjokolade vir die siel doen. Laurika Rauch is vanjaar 21 jaar in die musiekbedryf. Haar spesiale album vir dié mylpaal is *Laurika Rauch - 19 treffers van 21 Jaar*. Sy en Marlene Serfontein het ook onlangs Laurika Rauch boeke gestig en hul eerste publikasie heet *Laurika Rauch Treffers vir Klavier en Kitaar*. Nà twee dekades het sy dertien albums op haar kerfstok en vele pryse: 'n Sarie (1980) as belowendste sangeres, 'n Gallo (1988) vir haar optrede in *Van Berlyn tot Bapsfontein*, 'n Octave in 1990 vir *Stuur groete aan Mannetjies Roux* en 'n ENB Sama vir *Hot Gates*.

BEELD - PLUS 1 Oktober 1999

In 1978 het 'n onbekende sangeres met die naam Laurika Rauch die temalied van die Afrikaanse TV-reeks *Phoenix & Kie* in die Gallo-ateljees opgeneem. Toe dié lied, *Kinders van die wind*, vir die eerste keer op televisie gehoor is, het dit oornag 'n sukses geword. *Kinders van die wind* was in 1979 vir vyf weke die nommer een liedjie op Radio 5 se trefferlys en dit het elf weke op Springbokradio se treffersparade gepryk. Nà 21 jaar in die plaaslike musiekbedryf kan Rauch met dertien albums en 'n hele string treffers agter haar naam skryf…. Rauch is een van die min sangeresse in die land wat daarin slaag om sowel die populêre as die minder kommersiële Afrikaanse mark te bereik.

ROOI ROSE 23 Junie 1999 (Mariëtte Crafford)

Staan Laurika Rauch op die verhoog in die kollig, verluister 'n mens jou aan haar…. Haar hele loopbaan as kunstenaar is 'n fees, 'n verheerliking van haar kunstenaarskap. Haar debuut, *Kinders van die wind*, was 'n treffer en die jolyt hou al een en twintig jaar lank aan. Haar stem was nie net reg vir die jare sewentig se tydgees nie. Dis vandag nog net so buitengewoon, dis haar lopersleutel wat haar toegang verleen tot treffersparades en mense se harte. Haar gesig is op plakkate in Suid-Afrika en in Europa. Sy is die onbetwiste Afrikaanse vrouesanger van wêreldgehalte, maar sy is nie 'n ster wat net skyn as die verhoog se kollig op haar val nie. Laurika straal vanself.